# Gebedsbulletin No. 03 van 2025

## 19 Januarie 2025

Deon Serfontein Sel No.: +27 83-288-7555

# Gebruik jou tong op die regte manier!!

Jou tong het kreatiewe krag. As jy daaraan twyfel, kritiseer bietjie iemand en let dan die kyk op hulle gesigte en hulle reaksie op. Komplimenteer dan iemand en let die kyk op hulle gesig en hulle reaksie op. Kom ons praat egter nie net oor die effek wat jou woorde op ander mense kan hê nie, maar die effek wat dit op jou kan hê.

Die Bybel sê dat wanneer jy jou tong gebruik om goed te doen, sal jy die lewe liefhê en goeie dae beleef (sien 1 Petrus 3:10). Jesus gee ons 'n kragtige illustrasie daarvan: 'Dit verseker Ek julle, julle kan vir hierdie berg sê: 'Mag God jou oplig en in die see gooi,' en dit sal so gebeur. Al wat nodig is, is dat julle regtig sal glo en nie in julle harte twyfel nie' (Markus 11:23 NLV).

Wat het Jesus hiermee bedoel? Dat jy oor jou probleem kan praat, of met die groot probleemoplosser daaroor kan praat. Jy kan daaroor kla, of daaroor bid. Jy kan dit uit 'n menslike perspektief waar jy op al die komplikasies fokus bespreek, of jy kan dit uit 'n goddelike perspektief waar jy op God se krag om die omstandighede te verander fokus, bespreek.

Jy kan jou moedeloosheid en wanhoop versterk deur dinge te sê soos: 'Die probleem is te groot en ek kan niks daaraan doen nie.' Of jy kan die probleem aan God gee en sê: 'Hy moet geprys word - Hy wat mag het om deur die krag wat in ons werk, oneindig meer te doen as wat ons vra of dink om te vra' (Efesiërs 3:20 NLV). Wanneer jy dit sê, gebruik jy nie net die kreatiewe krag van God se Woord nie, jy gebruik ook jou tong op die regte manier.

***Geskryf deur Bob & Debby Gass***

## Gemeente – Algemeen

-Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
-Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
-Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

## Voorbidding vir lidmate

Lottie Conradie
Jaco Steenkamp
Johnny Viviers
Annie Brink
Annika Kilian
Leonie Kruger
Jillian Jansen
Jaap Naudé
Marinda Jordaan
Tannie Rina vd Vyver
Rudi Kruger
Stefaans & Rina du Plessis
Danie Theron
Michelle Cowley
Carin Wilsenach
Marlie Holtzhausen
Tannie Anna Chandler
Nettie Badenhorst
Hannah Bylsma
Tannie Charmaine Venter
Elma Swart
Tannie Dina Roothman

*Dink in gebed aan die Matthee familie met die afsterwe van Oom Jurie Matthee.*




**Byvoorbaat baie dankie vir jou dankoffer . . .**
**ABSA Sasolburg; Tjek Rekening**
**Rekno.: 0520580654**
**Takkode: 632005**

## Dank Gebede

-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk

-Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf

-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd saam met my die pad loop!

-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.

- Dankie vir U ***wondergroot genade***...

- HERE, ek het U lief! AMEN

## Gedagte vir die week




Rig gebedsbulletin versoeke direk aan Deon Serfontein of handig by Kerkkantoor in